

15 November

Skrifgedeelte: Deuteronomium 34:1-12
Fokusgedeelte: Deuteronomium 34:1-6

Vrede by God!

Baie mense het al oor Moses gewonder, daar waar hy op die Neboberg kon uitkyk oor die land van melk en heuning, maar geweet het dat hý nooit daar sal kon ingaan nie. Dit was sy straf toe hy aan 'n bevel van die Here ongehoorsaam was. Toe hy met die rots moes praat sodat daar water vir Israel kon wees, het hy die rots met sy kiere geslaan (Num 20). Baie het al gewonder oor Moses se straf. As daar nou iemand was wat die beloofde land moes ingetrek het, was dit tog Moses!

Moses se straf moet egter gesien word teen sy roeping as middelaar. Hy is deur God aangestel om tussen Hom en die volk te staan. Hierin moes Moses die voorbeeld wees en die eise van middelaarskap volkome nakom: geduldig, gehoorsaam en totaal afhanklik van God wees, en hy kon nie. God sê aan hom (Num 20:20): "Omdat jy My nie erken het nie, en My, die Heilige, nie voor die Israelite gehoorsaam was nie, sal jy hierdie volk nie inlei in die land wat Ek aan hulle gee nie."

As 'n mens hier by Moses verbykyk en God raaksien, is dit genade op genade. Die Here self begrawe Moses. Dié dienskneg van God sterf in die hartseer dat hy nie in die beloofde land mag intrek nie, maar as hy weer kyk, staan hy in dié beloofde land, God se ewige lewe. Dit is in hierdie vreugde dat hy en Elia saam met Jesus op die berg van verheerliking was (Matt 17).

Dit is die vreugde van 'n beloofde land waarheen ons ook op pad is. Deur ons volmaakte Middelaar, Jesus Christus, het ons volle sekerheid van ons plek by Hom.

Sing: Psalm 75:1, 4

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)